



Tuks-stoeier na VSA vir nuwe teenstanders

Wilhelm de Swardt

Tuks se Suid-Afrikaanse junior stoeikampioen, Edrich Nortjé, gaan later vanjaar in Amerika studeer en oefen in die hoop dat hy dalk net vir aanstaande jaar se Olimpiese Spele in Tokio kan kwalifiseer.

Die 18-jarige Nortjé, wat verlede jaar met twee onderskeidings aan die Hoërskool Oos-Moot gematrikuleer het, is op pad na die Hastings College in Nebraska.

Nortjé besef terdeë dit sal 'n grootse poging verg as hy Suid-Afrika in Tokio wil verteenwoordig, maar hy het in ieder geval nog nooit vir enige uitdaging teruggedeins nie.

Heinrich Barnes, wat Suid-Afrika in 2008 by die Olimpiese Spele in Beijing verteenwoordig het, het aan dieselfde universiteit studeer.

“Die realiteit is dat stoei in Suid-Afrika 'n klein sport is. Daar is eintlik maar net vyf werklike groot toernooie waaraan ons elke jaar kan deelneem en jy stoei maar elke keer teen dieselfde ouens. Die meeste van my teenstanders ken teen dié tyd al my sterk en swak punte en ek hulle s'n,” sê Nortjé.

“By die Hastings College sal ek byna elke week die kans kry om myself teen ander stoeiers te meet. Dit is al hoe ek regtig sal verbeter.”

Nortjé het ekstra motivering om 'n ware kampioen te word. Deur sy betrokkenheid by stoei het hy bevriend geraak met Kleinjan Combrinck, wat op verlede jaar se Statebondspele in Australië vyfde geëindig het. Ongelukkig het Combrinck kort ná die Spele in 'n motorongeluk gesterf.

“Ek en Kleinjan was groot tjomies, maar ook 'vyande op die mat'. Hy was my mentor. Ons het 'n passie vir stoei gedeel.

“Ek het geglo hy het wat nodig is om sy stempel in die sport af te

druk. Daarom was sy dood 'n groot skok.

“Dit het my laat besef dat 'n mens nie jou drome moet uitstel nie, want niemand weet wat môre mag gebeur nie. Van nou af, elke keer wanneer ek op die mat stap, sal ek my groot oomblikke aan Kleinjan opdra.”

Een van Nortjé se doelwitte is om weer 'n goue medalje op die Afrika-byeenkoms te wen.

Die byeenkoms vind in Maart in Tunisië plaas. Hy gaan dié keer in die 0.65 kg-afdeling deelneem.


Verlede jaar het hy goud in die 0.61 kg-afdeling gewen.

Wanneer hy nie studeer of stoei nie, geniet Nortjé dit om saam met sy pa op hul plaas buite Dundee te boer.

“Ek is absoluut mal daaroor om te boer. Vir my is daar niks lekkerder as om my hande vuil te maak deur harde werk nie.”

Die liefde vir boer het beslis voordele. Wat suiwer fisieke krag betref, is daar waarskynlik min stoeiers wat met Nortjé kan kompeteer.

Daar is 'n foto van hom as 15-jarige geneem waar hy met 'n skaap van 80 kg oor sy skouers op die plaas loop. Op daardie stadium het hy self maar 50 kg geweg.



Die Tuks-stoeier Edrich Nortjé gaan later vanjaar Amerika toe om daar verder aan sy vaardighede te slyp.

Foto: REG CALDECOTT